



Jou beurt!



## Aktiwiteit 1:

# Hoeveel mammas en babavlermuise kan jy in hierdie prentjie tel?

In hierdie boom is daar baie mammas met hul babas wat mekaar lekker warm hou. Hoeveel mammas (groot oë) en babas (klein oë) kan jy tel?



Ma = 13

Babas = 13

## 4 Baba vlermuise by geboorte

Dit is baie harde werk vir die mamma vlermuise om geboorte te gee. Wanneer die baba gebore word, is dit baie groot in vergelyking met die grootte van sy ma.




"Logan was 2,5 gram toe hy gebore is, dit klink dalk nie vir jou baie nie maar ek het net 7 gram geweeg voor ek swanger was. Hy was net meer as 'n derde van my normale gewig!"

"Ek was 50 gram toe ek gebore is, dit was omtrent 'n sesde van my ma se normale gewig (300 gram). Toe ek gespeen is, het ek 135 gram geweeg."




Jou beurt!



## Aktiwiteit 2: Baba se gewig

Jy sal dalk wil uitwerk watter gedeelte van jou ma se gewig jy by geboorte was.

Om dit te doen, verdeel jou ma se normale gewig (voor sy swanger was) met jou geboortegewig. Plaas dan jou antwoord onder 1, bv. as mamma se gewig gedeel deur baba se gewig = 19, is die breuk  $\frac{1}{19}$ de.



Antwoord:


$$\frac{1}{20}$$

As jou ma nie kan onthou nie, is hier 'n voorbeeld:

Ma se gewig voor swangerskap = 60Kg

Baba se gewig by geboorte = 3kg

Jou beurt!



## Aktiwiteit 3:

# Watter baba pas by watter mamma?

Kan jy die vlermuisbaba aan sy/haar ma verbind? Volg die lyne om te sien wie behoort aan wie!

